


Ontmoet vir..



**Huiskerk**

Quellerina  
Gemeente

## 1 Konings 18

*Ek het God ervaar toe die kraaie vir my kos gebring het in die tyd toe die aarde dor en droog was. Ek het gesien hoe die weduwee se kruik oorloop van God se betroubaarheid en hoe die lewe in haar seun se dooie liggaam terugvloei nadat ek tot God gebid het.*

*Daar was vuur uit die hemel en Baälsprofete wat vlug vir hulle lewe. God was groot in daardie tyd.*

*Maar toe ek self moes vlug, het my geloof in 'n rotsskeur inmekaargestort. God het my daar by Horeb ontmoet en tot my onrustige hart gespreek.*

# Elia

*Bid saam as gesin.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken het.*

*Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.*

*Ek het God leer ken in aardbewings, vuurvlamme en rukwinde - maar dit was in die koeltes van die windstiltes dat my hart rus gevind het in Hom*



Huiskerk

Quellerina  
Gemeente

Ontmoet vir...

# Elia

**Wie was koning van Israel toe Elia 'n profeet was?**

**Wat het die weduwe vir die profeet Elia gemaak?**

**Elia en Elisa het op droë grond oor die Jordaanrivier geloop nadat Elia die water met wat geslaan het?**

**Hoeveel profete van Baäl het Elia laat sterf?**

**Waarom het Elia na die berg Horeb gevlug?**

**Wie was die profeet wat by Elia oorgeneem het?**

**Wat het Elia teen middag aan die profeet van Baäl voorgestel toe daar geen antwoord op hulle gebede was nie?**

**Hoeveel water het Elia oor die hout gegooi?**



Quellerina Gemeente